



SAWA STREEK VAALRIVIER



AFSKEIDSBRIEF AAN ONS VOORSITTER,

FRANCOIS PRETORIUS (29.09.1965-18.04.2020)



SAWA Streek Vaalrivier groet hiermee ons Voorsitter, mentor en goeie vriend. Francois, baie dankie vir die voorbeeld wat jy te alle tye vir ons gestel het. Dankie vir die inspirasie en vir alles wat ons by jou kon leer. Uit jou optrede het ons geleer die lewe draai nie om rykdom, gewildheid of kennis nie, maar om nederig, opreg en bereid te wees om onself te verryk deur mense se lewens aan te raak soos wat jy gedoen het. Jou liefde en band met God sal vir ons altyd 'n voorbeeld wees. Ons harte is baie seer omdat ons nooit weer saam sal kamp nie, maar ons gun jou die vreugde om by jou Vader te wees. Die volgende gedig is spesiaal vir jou:

WAAR ONS MESSIAS IS

Mooier as dit waaroor ons droom
in klank en kleur en sig,
wag vir ons in die Wonderstad,
die stad wat God verlig.
Geen son het ons daar nodig nie,
die strome word nooit stil.
Geen vloek van pyn tref ons daar nie,
dis Sy volmaakte wil.

Ag Here, ons is moeg gestap ...
die tog deur aardse stil woestyn
het al ons krag getap ...

Bring dan nou u beloofde,
U nuwe stad, na ons,
sodat ons by U voete
na ons lang swerftog mag rus
en woon in U teenwoordigheid,
waar ons Messias is.

(Gedig geleen uit die digbundel Terwyl Ek Kan deur Rien Joubert)



Dit was met skok dat ek Saterdagoggend in kennis gestel is van jou skielike vertrek na jou Hemelse Vader om aan Sy voete te gaan sit en Sy glorie te aanskou.

Ek kan net onwillekeurig terugdink aan die herinneringe wat ons as SAWA Vaalrivier saam ervaar het:

- Die dag by Kedu toe jy ons almal moes uitsleep en jy dit so geniet het.
- Die tyd toe dit by Beach Club so gereën het en jy op die gras maar probeer visvang het
- Die 2019 Presidente toe ons in daardie storm moes oppak.
- Dan die grootste herinnering seker was by Vrede toe dit so koud en nat langs die dam was waar ons almal in Joey-hulle se tent saam met Oom Henry-hulle ingedruk het met 'n lekker beesstertpot en almal saam heerlijk gekuier het oor 'n bottel Old Brown Sherry. Dís hoe herinneringe gemaak word en voortleef.

Al is jy nou nie meer daar nie, sal hierdie herinneringe aan jou my altyd bybly. Ek gaan die lang WhatsApp debatte wat ek en jy gevoer het oor Bybel, geloof, godsdiens baie mis. Jy het my altyd bygestaan met raad wanneer ek dit nodig gehad het.

RIV Grote, ons gaan jou mis.





Jy was 'n sterk geestelike leier. Ons kon altyd sien dat die Heilige Gees jou lei, en Jesus se lig het baie helder deur jou geskyn na jou familie, vriende en naaste om jou.

Jou positiewe gesindheid en die ywer waarmee jy deur die lewe gegaan het, sal ons altyd onthou. Of ons speletjies gespeel het, of in ligte luim kompetisie gehou het by die woonwa klub, jy was altyd daar met geesdrif, en het altyd tyd gehad om te lag en te gesels met almal.

Jou plekkie hier by ons is nou leeg, maar Jesus het klaar jou plekkie by Hom reg gekry. Ons sal weer eendag saam met jou in Jesus se heerlikheid wees, tot dan sal ons jou baie mis.



Wel, ek is nie een van vele woorde nie, maar Francois, jy was die tipe mens wat sagkens onder my vel kom inkruipt. In die afgelope byna twee jaar, het jy vir my 'n steunpilaar geword. Ons albei glo in ons Vader op ons eie manier en het geleer om mekaar daarvoor te respekteer.

Ek moet sê, die oggend voor jy heengegaan het na jou forever huis, het ek nogal gedink - toe ek jou boodskap op die SAWA WhatsApp Groep lees - 'Francois, hierdie is waar jy moet wees, jy spreek hier ons Vader se boodskap, jy preek soos jy glo om te doen' en ek is so bly jy het my voorstel aanvaar, want jy bereik elke lid soet en sagkens.

Ons gaan jou mis, want elke kamp was jy daar. In ons oë was die kamp nie voltallig sonder jou nie. Wat gaan ons maak!! Wel, tyd sal leer en Liewe Jesus sal vir ons die weg wys.

Een ding weet ek vir seker - jou saak was reg. Rus in vrede.

BOODSKAP VAN ELIZE VD SCHYFF
(PENNINGMEESTER)



Vandag is jou spesiale dag. Ons gaan jou nie groet nie, ons gaan vandag oor jou praat, want jy sal vir altyd in ons harte wees. Jou sjarne en persoonlikheid was aansteeklik. Daarom gaan ons nie van jou afskeid neem nie, ons laat net toe dat jy jou reis voltooi. Al sou ons wat wou gee om jou hier te hou, sal jy nie plekke wil ruil nie.

Ons wonder soms, hoekom dinge moet gebeur.

Ons het baie vrae en ons harte is seer.

Jou plek is leeg langs ons, maar tog sal jy altyd by ons wees in gees

Jou tyd op aarde is verby, jou lewe is afgemeet.

Ons moet agter bly, mag jy ons nooit vergeet.

Jy is nou in die Hemel, ons glo jy wil nou nêrens anders wees,

want daar gaan jy gelukkig wees.

Rus in vrede, ons goeie vriend.

BOODSKAP VAN LOUISE VAN ZYL
(REDAKTRISE)



Dit was vir my 'n groot voorreg om die afgelepe 9 maande saam met jou op Streek Vaalrivier se bestuur te kon wees. Ek kon nie wag om elke keer as die Kekkelbek voltooi is, dit vir jou te stuur vir proeflees en jou mening te hoor. Jou mening was altyd positief, soos wat jou optrede teenoor almal was. Daar was altyd 'n glimlag op jou gesig en 'n vriendelike woord. Jy het jouself ons vrederegter genoem, en dit was jy ook.

Ek wil graag die volgende gedig aan jou opdra.





As ek aan FP dink dan dink ek aan iemand wat 'n bok vir sports is, soos van die foto's dit bewys. Maak nie saak wat dit is nie hy is daar om te ondersteun en aan te moedig. Speletjies, staproetes, was sy ding gewees. En as hy en Dotty eers langs mekaar sit en so stilletjies gesels en dan giggel moet jy weet hier is iets aan die broei. Die liefde wat FP vir sy Dot het is onbeskryflik.

Francois is 'n handy man, op die kamp of by die huis, sy hande staan nooit verkeerd nie. As jy hulp nodig het, weet jy waar om te gaan vra.

Bordkrijt liquirice het hy aan my voorgestel, en dit was 'n sweetie wat op elke kamp was. Hy sou 'n klompie in sy sak druk en vir my so skelmpies gee.

Ek Onthou een Kongres, is ons almal mooi op gedress, ons sit die hele Kongres deur, en toe dit verby is kom oom Anton Koekemoer met 'n halwe bottle wyn by ons tafel. Hy se vir FP het jy gesien hoeveel halwe bottels is op die tafels gelos. Ja se FP, dit kan mos nie verlore gaan nie. Ek kan nie mooi onthou nie maar elkeen van hulle is met 'n hele klompie halwe bottels wyn terug woonwa toe. Daar gekom, maak die twee hulself sit, en daar begin die groot kuier. Ons het tot laat nag gekuier en behoorlik gelag. Nietemin die twee se koppies was lekker seer die volgende dag, maar die lag oor alles wat hulle kwyd geraak het het nie op gehou nie. Vir lang jare daarna is dit nog steeds 'n onthou wat lekker oorvertel word.

Ure lank het ek en FP die Kekkelbek en sy spelfoute bespreek. Hy was altyd die eerste een om iemand geluk te wens met iets wat hul bereik het. Net om later uit te vind hyself het 'n groot mylpaal bereik met iets waarmee hy besig was.

Hierdie man wat ons, Ek en Marcel as FP ken, laat 'n massiewe gat in ons menswees. Sy liefde vir sy gesin, sy liefde vir die Here, sy liefde vir kamp en dit wat daarmee saamgaan, sy liefde vir sy werk – al het hy soms gevoel die werk misbruik hom, gaan ons met groot heimwee na verlang. Kamp gaan nooit weer dieselfde wees nie, Bordkrijt liquirice gaan nie weer dieselfde proe nie.

My hart gaan uit na sy familie, oom Hartjie en tannie Wilma, Louis en Babsie. Ek wens diep binne my ek kon jul seer verlig. Ons kan net vir julle bid, bid vir dit wat jul nodig het. Genade onbeskryflik groot.



J Galaxy S6 2985.jpg 4,56MB



S6 6783.jpg 450,65KB



534.JPG 1,31MB



506.JPG 1,31MB







Regs is 'n WhatsApp-boodskap wat Francois op die derde dag van die grendeltyd aan Vaalrivier Bestuur gestuur het.

Hierdie boodskap sê vir ons wat Francois se grootste begeerte was.

Francois, rus in vrede in God se heerlijkheid, jy het Hom elke dag van jou lewe geëer en gedien.



Zandry Van Rooyen



Wanneer jul met hartseer en verlange na die Hemelruim sou staar , sal jul 'n nuwe glinsterende ster daar gewaar. Hy is daar

12:32